



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 11 AUGUSTUS 2024

TWAALFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Dinsdag se Beroepingsvergadering

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Spreuke 9:1-12; Psalm 34:9-14;

Efesiërs 5:15-20; Johannes 6:51-58

SONDAG, 11 AUGUSTUS

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad
Erediensspan 2 – Elsa Welman

GEEN Kleuterkerk en Kinderkerk

GEEN Senior Kategese

GEEN Gemeentetee na afloop van die oggenddiens

MAANDAG, 12 AUGUSTUS

18:00 Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 13 AUGUSTUS

09:30 Senior Burger Bybelstudie
18:00 Mannebybelstudie in Moederskamer
19:15 Spesiale kerkraadsvergadering - Beroeping

WOENSDAG, 14 AUGUSTUS

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Bybelstudie
18:00 Getuienis aksie kommissie vergadering
19:00 Jeug kommissie vergadering

DONDERDAG, 15 AUGUSTUS

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal
19:00 Gemeentebediening kommissie en blokleiers vergadering

Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier,
Kotie Jonas, Marietjie Basson

VRYDAG, 16 AUGUSTUS

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

SATERDAG, 17 AUGUSTUS

SONDAG, 18 AUGUSTUS


DERTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD VROUESONDAG

09:00 Oggenddiens – Ds Janine Williams
Kleuterkerk en Kinderkerk
Vrouedankofferinsameling
Deuroffer ten bate van: Vrouebegeleiding
Erediensspan 3 – Neels Kruger

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
Ruda Thiart vanaf Waterberg, Modimolle
2. Doreen Swart (voorheen Gladioli en De Eike strate) is oorlede. Sy was die eggenoot van wyle Matie Swart wie een van ons gemeente se stigterslede was.
3. Tim Burrows (Bokmakieriestraat) se skoonsuster is oorlede.
4. Eduard Visser (Voogdystraat) se ma is oorlede.
5. George en Cathy Fullard (Piet-my-vroustraat) het 'n kleindogter ryker geword.



ALLES EN NOG WAT

1. Die Eiendomme kommissie is dringend opsoek na lidmate met die nodige vaardighede om die kommissie by te staan met advies en hulp vir die instandhouding van die kerk se eiendomme. Kontak die kerkkantoor.
2. Ds Chris is die naweek af.
3. Woensdag 11:00 vind 'n vergadering van die Ringe van Kuilsrivier en Brackenfell in ons konsistorie plaas met die oog op die toekomstige vereniging van die 2 Ringe.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 11/08 Tinus Ferreira, Katja Rossouw, Trudie de Wit, Nandi Swanepoel, Cobus Burger, Margie Burger
12/08 Ben Swart, Cassie Greeff, Elandré Smuts, Janneke Osborn, Johan Joubert(86)
13/08 Hanlie Ochse, Cor Viljoen, Ansie van Niekerk, Sonelle Roux, Petro Rossouw
14/08 Ena Knoetze(95), Ciska Myburgh, Wouter Kleinhans, Ria Traut, Christie Matthee
15/08 Lizelle Wessels
16/08 Christine van der Merwe, Albert Marais, Bettie van der Watt, Marlene Kruger, Hanlo Naude
17/08 Mattie Oosthuizen, Monique Penderis, Marisa Gobregts, Val Parsons(83)



VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

MES Kaapstad

Mould Empower Serve (MES) Kaapstad is 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, werkloses en behoeftige families. MES volg 'n holistiese diensmodel wat hulpbehoewendes rehabiliteer en bemagtig sodat hulle op 'n volhoubare basis onafhanklike lewens kan lei. Die holistiese diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention and intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en "*sustainable exit*" (werksegeleenthede, behuising, opvolg). MES glo dat elke persoon uniek is en daarom ontwikkel ons individuele bevorderingsplanne vir elke persoon wat ons help. Lees gerus meer van ons projekte op ons webblad.

Daar is ook 'n kort oorsig video van MES nasionaal

<https://www.youtube.com/watch?v=FQnXWArj6uU&feature=youtu.be>.

Me Anelle Erasmus | 021 949 8736 | prcapetown@mes.org.za
Webwerf: <http://www.mes.org.za>

DE EIKE VROUESONDAG

De Eike vier vanjaar **Vrouesondag** op 18 Augustus. Die prediker by die geleentheid gaan ds. Janine Williams wees, ou bekende op ons kansel.

Die jaarlikse **Vrouedankofferinsameling** vind ook op daardie dag plaas.

Indien jy nog nie 'n koevert gekry het nie, neem gerus self vir jou een by deure. Dit is beskikbaar in die boksies waarin die aankondiging geplaas word.

VROU WAT GLO *RETREAT*

Saterdag 17 Augustus 2024 by NG Kerk Vredelust, Bellville

Tema: #VrolikEnBly

Sprekers sluit in Wanda Bam, Benescke Janse van Rensburg en Karien Basson.

Om kaartjies te koop of vir meer inligting, besoek die webwerf
www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo

KINDERKERK KONSERT

KNOOP DIE DATUM VAS ~ 30 AUGUSTUS 2024

Welkom De Eike!

Ons hou partytjie.

Trek aan jul dansskoene

De Eike is nommer een

Ons gaan nou feesvier

Ons klap ons hande

Ons dank ons Vader, want

Die Kinderkerk is 10 jaar jonk!!!

Kaartjies @ R100 volwassenes, R50 skoolgaande kinders

Gratis nagereg en koffie/tee tydens pouse beskikbaar.

BRING JOU EIE PIEKNIKMANDJIE EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE *BARNYARD!*

Kaartjies beskikbaar by Riëtta Odendal – 0829040950. Sy sal volgende Sondag na die diens tot 10:30 in die saal beskikbaar wees vir kaartjieverkope.

Gou spring, die kaartjies raak vining min!!

JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Aanlyninskrywings vir Jan Kriel Instituut se jaarlikse Tekkie Challenge is oop!

Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid vind Saterdag 7 September by Jan Krielskool plaas. Skryf in vir die familie-vriendelike 5km pretdraf/-stap of een van die langer afstande.

Vir meer inligting, skakel 021 903 0434.

BLOKRAAI KOMPETISIE

Kom toets jou kennis van die Bybel en neem deel aan ons kopkrapper blokraai kompetisies. Daar is twee kategorieë naamlik laerskool en tweedens Hoërskool en volwassenes.

Inskrywings en pryse is as volg:

Laerskool: R30 per inskrywing

Pryse: 1ste prys – R500 kontant

2de prys – R300 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys

Hoërskool en Volwassenes: R50 per inskrywing

Pryse: 1ste prys – R1000 kontant

2de prys – R500 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys

Voltooid inskrywings kan saam met die inskrywingsgeld by die kerkkantoor afgegee word of Sondag na kerk in die voorportaal.

Kompetisie sluit die 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.

Inskrywings sal by die kerk beskikbaar wees en ook op al die sosiale media platforms. Versprei die inligting ver en wyd, want enige iemand kan inskryf, selfs buite gemeente grense.

Vir sommige leidrade moet na die 2020 Bybelvertaling verwys word. Indien jy nie 'n 2020 vertaling het nie, gaan kyk gerus op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf of hul selfoon toepassing. Die 2020 vertaling is daar beskikbaar, sowel as 'n soekfunksie waar bv. sleutelwoorde of name ingetik kan word en jy dan gelei word na teksverse waarin die woorde/name verskyn.

Die webwerf is biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/

SPESIALE KERKRAADSVERGADERING

'n Spesiale kerkraadsvergadering word gehou op Dinsdag 13 Augustus 2024 om 19:15 in die konsistorie waartydens 'n beroep vir 'n leraar uitgebring sal word.

KOSMANDJIE

*Baie dankie vir jou volgehoue bydrae vir hierdie omgee-projek!
Ontvangers van kospakkies is diep dankbaar en wil hê dat jy dit weet.*

Spenslys: spaghetti
koffie / tee
soppoeiers / soya
blikkies - tamatie / tuna
grondboontjebotter / kookolie
tandepasta
skottelgoedseep

Mandjie-groete

KLERE EN VERE

Klere en Vere bly besig, omdat julle ons so goed ondersteun.

Moet asseblief nie ophou nie!

Nuwerus se mense vra dat ons sekermaak De Eike weet hoe hulle elke boks klere, skoene, linne en wat ookal ons aanstuur, waardeer. Baie, baie dankie.

Ons het ook ander afset, soos ons **OpWipWinkel**, wat julle tydens die gemeentekonsert kan ondersteun.

Goedkoopste pryse ooit; bring jou beursie saam. Opbrengs is alles vir De Eike!

Groetnis
2 Vere